

## SADPO WEBWERF:

Ons Forum op die webwerf is nou in werking. Die doel hiervoor is dat ons lede reg oor die land met mekaar kan gesels oor kwessies in ons bedryf, sonder dat ander partye die inhoud kan sien.

Lede wie se SADPO lidmaatskap volledig is, se besonderhede is op die webwerf gelaai en het die webwerf vir jou 'n epos gestuur met 'n skakel ("link") na die Forum. Dit is ook moontlik dat die gemelde epos in jou "Spam – Folder" kan lê. Nadat jy die "link" gevolg het, kan jy jou "password" verander na enige iets wat jy sal onthou. En dan is jy welkom om met jou mede-delwers te gesels deur of jou eie onderwerp te begin, of te antwoord op 'n bestaande onderwerp. Daar is ook 'n bestaande onderwerp getiteld HOE WERK HIERDIE FORUM?. Daar is 2 videos wat jy kan gaan kyk wat ook die hele proses verduidelik.

Indien jy nog nie 'n SADPO lidmaatskapvorm voltooi het en die R100.00 administrasiefooi betaal het nie, kontak asseblief die Sekretaris, Lynette Kruger, sodat sy jou kan help om op die Forum te kom.

## INSPEKSIE VRAELYSTE:

Baie dankie aan al ons Noord Wes lede wat alreeds hul vraelyste voltooi en aan ons gestuur het. Ons doen nou voorbereidings om die inligting daarin verder te vat. Ons moedig ons Noord Kaap lede aan om hul vorms te voltooi na elke inspeksie en aan ons te stuur – dit is totaal anoniem. Ons sluit weer hierby in die Inspeksie vraelys vir u gerief.

## ONLANGSE ARBEIDSHOF UITSPRAAK:

AngloGold Ashanti het onlangs 'n uitspraak in die Arbeidshof gewen teen die Hoof Inspekteur van Myne, Xolile Mbonambi (en andere).

## SADPO KONFERENSIE:

Ons beplan 'n Konferensie vir al ons lede en nie-lede op **22 Maart 2017** te Christiana. Die doel hiervan is om verskeie tersaaklike sprekers te kry om almal toe te spreek. Elke spreker sal ook vrae beantwoord en daar sal geleentheid wees vir almal teenwoordig om hulle eie onderwerpe te opper. Sodoende kan ons almal mekaar help. Daar is ook 'n heerlike spitbraai na die tyd. Bywoning van die konferensie en spitbraai is **gratis**, ons versoek u net om teen **12 Maart 2017** vir ons u voltooide Bevestiging van Bywoning vorm te stuur.

Sien asseblief die aangehegte Konferensie Kennisgewing. Ook aangeheg is die Bevestiging van Bywoning wat voltooi moet word.

Regter van Niekerk het gemaak dat “one ought not to use a sledgehammer to crack a nut”. Die Regter het selfs genoem dat hy dit sou oorweeg dat die tersaaklike inspekteurs in hul persoonlike hoedanigheid verantwoordelik gehou sou word vir kostes, indien AngloGold dit van hom gevra het. Die DMR het ‘n Seksie 54 uitgereik op ‘n gedeelte van die myn waar net 2% van die myn se werknemers werk, maar die hele myn is gestop, wat AngloGold R9.5miljoen per dag gekos het.

Vir hierdie rede vra ons alle lede om hul inspeksie vorms te voltooi na elke inspeksie en aan ons te stuur vir verdere hantering.

## HOOF INSPEKTEUR VAN MYNE SE MOONTLIKE BESOEK AAN DIE NOORD KAAP:

In ons vorige nuusbrieff het ons genoem dat ons die Hoof Inspekteur van Myne uitgenooi het om sekere delwerye in die Noord Kaap te kom besoek. Ons is steeds besig met die reëlings en berig weer aan u na sy besoek.

**Nasionale Komiteelede:** Gert van Niekerk (Voorsitter), Jaap van Heerden (Onder-Voorsitter), Pieter Keeve (Tesourier), HF Cilliers, Amos Davids, Mark Hunt, Anton Jacobs, Johan Keyser, Jannie Lombard, Willie Marx, Lukas Steyn, Ben van der Pos

**Tenderhuise:** CS Diamonds, NDM

Webtuiste: <http://sadpo.co.za/> Lynette Kruger (Sekretaris) 071 8899 850

E-pos adres: [info@sadpo.co.za](mailto:info@sadpo.co.za) Faks no: 086 663 5737

## DRA BY TOT ONS NUUSBRIEF!

Ons nooi u uit om enige nuus / gebeurtenis wat u voel ons lede bewus van moet wees, aan die Sekretaris te stuur vir moontlike publikasie in die volgende nuusbrieff.

## Tender datums:

Hiermee die volgende 2 maande se tenderdatums vir u gerief:

20 – 23 Februarie 2017

27 – 30 Maart 2017

**Jou talente te bepaal wat jy kan doen.**

**Jou motivering bepaal hoeveel jy bereid is om te doen is.**

**Jou gesindheid bepaal hoe goed jy dit doen.**